



Die Rietfluit

Maart, April & Mei 2020

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

'n Omgeegroep is 'n groepie van tussen 10 en 12 mense wat in liefde aan mekaar verbonde is met die hoofdoel om mekaar in liefde op te bou en te help om hulle Bybelse opdrag uit te voer; God te verheerlik; mekaar geestelik te ondersteun en die evangelie uit te dra. Soos met die eerste gemeente in Handelinge 2, raak elke gemeentelid aktief betrokke by mekaar, by die groter visie van die gemeente en die uitdra van God se Woord na die wêreld. Dit is die plek om te ontlaai van al jou spanning en jouself in die teenwoordigheid van vriende en ander persone wat ook omgee, te verryk in die Heilige Gees en in God se Woord.

WAT GEBEUR IN 'N OMGEEGROEP?

Lering/Bybelstudie word aan die hand van 'n studietema gedoen wat inpas by preektemas van die gemeente vir daardie maand. Groeplede kry die geleentheid om onderwerpe en vrae intensief te bespreek wat nie in 'n gewone erediens moontlik is nie.

Skep ruimtes om na God te luister. Dit bied ruimte waarbinne mense saam met medegelowiges God se teenwoordigheid op 'n besondere wyse kan beleef en saam probeer agterkom wat die wil van die Here vir hulle lewens is. Wanneer gelowiges in omgeegroepe hulself daarop toespits om saam na God te luister en om mekaar te help om Sy stem te hoor, kan omgeegroepe 'n luisterruimte wees.

'n Ruimte vir Geloofsgemeenskap (*koinonia*). Dit is 'n oefening waarmee gelowiges doelbewus saam met mekaar die teenwoordigheid van God beleef. Omgeegroepe is een van die wonderlikste maniere waarop jy opnuut bewus word

van die voorreg om deel te wees van God se familie. In die omgeegroepsituasie sien mense mekaar se gawes raak en het hulle ook meer vrymoedigheid om mekaar met hulle gawes te dien. So begin die amp van gelowige te herleef.

Aanspreek van sosio-emosionele behoeftes. As gevolg van die grootte en die persoonlike aangesig-tot-aangesig karakter van die omgeegroep, kan mense se mensheid en sosiale en emosionele behoeftes raakgesien en aangespreek word. Wanneer dit gebeur, beleef hulle die geloofsgemeenskap (die omgeegroep van die gemeente) as warm en lewend, en die liefdevolle God as nabý. Hulle word in sulke omstandighede heel en geestelik sterk.

Oop kanale na en van die wêreld. Om as gelowige alleen in hierdie wêreld te lewe en staande te bly, is feitlik onmoontlik. Daarom het God gelowiges aan mekaar gegee om in diepgaande verhoudings mekaar hiervoor te versterk, aan te moedig en toe te rus en vir mekaar te bid (Heb 10:24 – 25; Ef 6:18 – 20 en Hand 4: 23 – 31).

'n Potensiële antwoord vir die Ware Bybelse Spiritualiteit in hierdie Tyd en Omstandighede. Op die wyse is Christen-wees al minder op die kantlyn van jou lewe, maar word dit relevant vir jou daaglikse lewe. So gebeur dit bv. dat omgeegroeplede mekaar help om die regte besluite te neem en dit deur te voer. Of as krisisse opduik, kan hulle mekaar help. Daarom is dit belangrik om in te skakel!

DIE BELANGRIKHEID VAN OMGEEGROEPE

Gelowiges word aangespoor om na mekaar om te sien en mekaar se laste en vreugdes te deel (Hebreërs 10:24). Dit verwys baie duidelik na 'n persoonlike verhouding met mede-gelowiges. Dit bied 'n intieme en ontspanne omgewing vir die moderne, gejaagde mens om betrokke te raak by sy of haar medemens deur om te gée vir mekaar en om sodoende gesamentlik God se plan vir die mensdom uit te leef en aan 'n verloregaande wêreld uit te dra.

HOE LIEFDESBAANDE GEBOU KAN WORD

Gesinne word aangemoedig om vir mekaar verantwoordelikheid te neem byvoorbeeld by spesiale geleenthede soos verjaardae en ander hoogtepunte waarop gesinne of persone spesiale aandag kan ontvang. Dit is belangrik dat elkeen, tot die jongste kind, sal ervaar dat hy of sy aanvaar word en dit dan sal sien in die wyse waarop ander persone met hulle kontak maak.

Navrae. Enige navrae of indien jy betrokke wil raak by die Omgeebiediening, kontak gerus die Bedieningsleier Tommy Rademeyer by 082 372 9803.

- - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- ◆ **1 Maart:** Gemeentebraai
- ◆ **3 Maart:** Netwerkkursus Deel I
- ◆ **7 Maart:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ◆ **12 Maart:** Netwerkkursus Deel II
- ◆ **14 Maart:** Kerkbasaar
- ◆ **19 Maart:** Netwerkkursus Deel III
- ◆ **20 Maart:** Skole sluit
- ◆ **31 Maart:** Skole Open
- ◆ **4 April:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ◆ **10 April:** Goeie Vrydag, Nagmaal @ 9:00
- ◆ **2 Mei:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ◆ **25 - 29 Mei:** Pinksterdienste @ 18:30
- ◆ **31 Mei:** Nagmaal & Pinksteroffer @ 9:00



BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



*The blessed life must not be looked upon
as an attainment but as an obtainment.
We cannot earn it; we cannot climb up
to it; we cannot win it;
we can do nothing but ask for it and
receive it.*

DIENSGETUIENIS-BEDIENING

NUUS UIT DIE SENDINGVELD - 4DE KWARTAAL VAN 2019

Corne du Plooy skryf uit Frankryk

Ons bedien 4 selgroepe in 3 verskillende stede om ons dorp - Berre - twee keer per week. Twee in die middag en twee in die aand met tussen 5 tot 7 mense in elke groep. Bid vir nog groepleiers want dit is moeilik om alles self te koördineer.

'n Lidmaat bring elke Sondag so 25 immigrante kinders kerk toe. Hulle praat portugees of italiaans maar kom uit Afrika, enkeles uit Oos-Europa. Hulle lewe in moeilike omstandighede en die kerk probeer help met wat hulle het. Bid asseblief vir wysheid en onderskeie vermoë vir Corne en sy span.

Die kerk se kulturele vereniging het aan die jaarlikse *Téléthon* deelgeneem; 'n nasionale projek elke eerste naweek van Desember om geld in te samel vir 'n spesifieke mediese navorsing.

Hopelik kan ons volgende keer verslag gee oor hoe die *Téléthon* afgeloop het.

Andries en Sunette Schwartz skryf uit Mosambiek:

Die geweld in die provinsie en in hulle distrik het toegeneem. Rebelle of terroriste het in dorpies vir inwoners gewaarsku om pad te gee of hulle gaan doodgemaak word. 'n week later het hulle wel teruggekom en mense doodgemaak op die wredeste maniere denkbaar. Waar voorheen die rebelle in groepies van 10 was kom hulle nou in groepes van tot 'n honderd.

Mosambiek se soldate het padgegee uit die kleiner dorpe na groter barrake. Die mense vlug na naburige provinsies en eilande. Steeds is niemand seker wat die motief van die geweld is nie. Dit mag godsdienstige redes wees, dit lyk of die terroriste moslems is maar dit mag ook te doen hê met die feit dat sterk olie velde daar gevind was.

Andriese n Sunette is nog net tot Maart 2020 by die radiostasie, dan moet hulle iets anders vind om te doen. Hulle het 4 opsies wat vir hulle mag voorlê:

1. Om saam met Johan en Emma Dames in Namau te werk.
2. Gaan Noord en vestig in Palma of Mocimboa da Praia.
3. Skuif na Namanje, 'n klein dorpie in die Quissanga distrik, of,
4. Sluit aan by Hugo Botha in Chiconono, Niassa provinsie om daar deur middel

van landbou-gemeenskappelike projekte die evangelie te deel.

Bid asseblief dat die geweld sal ophou of positiewe gevolg sal hê.

Bid dat Andries en Sunette die regte keuse sal maak vir hulle toekoms.

Johan Naude skryf uit Laudium:

“Gazibo dienste” word al hoe meer populêr. ‘n “Gazibo diens” is wanneer ‘n paar gazibo’s gou-gou teen mekaar opgeslaan word en dienste en lofprysing gehou word. Een van die suksesvolste vergaderplekke was op ‘n verkeerssirkel in Laudium tussen drinkhuise en dwelm handelaars. Rondom is woonstelle en met ‘n goeie klank sisteem word die woord van God wyd uitgedra. Sommige bring stoele en kom luister en ander luister van hulle balkonne.

Johan se gesondheid is nie goed nie en hy weet nie wanneer, soos hyself sê; Jesus hom kom haal nie maar tot dan stry hy die goeie stryd. Hy vra vir gebed dat hy sterk sal wees tot dan.

Oor Sending Sonder Grense skryf ds. Leon Tait:

Die verskil wat ons ondersteuning aan die mense in Rusland maak word eers duidelik as van hulle stories gehoor word. Een so storie is van Dianna wat nie geweet het of sy die jaar sou uitsien nie. Winter, met sy mooi sneeu tonele, lyk vredesbaar en rustig maar binne die huise is dit ‘n stryd vir oorlewing; kos en brandstof vir hitte is skaars. Dianna se man het gaan werk in een van die groter Russiese stede en vir ‘n jaar moes sy vrou alleen huis hou en kinders groot maak. Die spanning was so groot dat sy haar hare verloor het. Gedurende die tyd het die kerk uitgereik na hulle. Dianna het ‘n Christen geword en alhoewel hulle nie oornag ryk geword het nie, het, vir die eerste keer in hulle lewe ‘n vrede saam met hoop in hulle lewe gekom. Sy het gebid dat haar man huis toe sou kom en net voor Kersfees daag hy daar op.

Pastoor Boris Garconita, Sending Sonder Grense se koördineerder het die kersfees pakkie na hulle gebring en die kinders se gesigte met die oopmaak van die pakkie het alles die moeite werd gemaak.

Dankie aan almal wat die “kersfees pakkie projek” moontlik gemaak het.

Bid vir die gesinne wat in daardie omstandighede moet oorleef.



NG GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID BIED AAN

Kerkbasaar

Saterdag 14 Maart

Kom geniet!!!




Vrydagaand, 13 Maart – Flik of Konser

Ook te koop:

Wegneem-eetgoed

Koeldrank en Versnaperings

Saterdag, 14 Maart – Basaar – vanaf 9:00



Ou gunstelinge: Pannekoek, teetuin, koek, lekkergoed, basaarpoeeding + vele meer.

Worsrolle, Jaffels, Chipstix, ...

Wit Olifant-stalletjie

Verskeidenheid speletjies: Tombola, Mieliegooi, Grilgrot.

Bied asb. jou hulp / hande aan. Vooraf ook.



Bydraes ook benodig: Koek, poeding, ...

En finansiële bydraes vooraf vir ander basaar-bestanddele.

Plaas in kollekte (asb. in gemerkte koevert)

Kontak Herman: 082 461-1152

Maar belangrikste van alles:

Kom en geniet saam !!! ‘n Heerlike geesbou-basaar.

TAAKSPAN VIR BARMHARTIGHEID

MootMark & Karwas



Elke Eerste Saterdag van die Maand

09h00 tot 13h00

Stalletjies en Karwas

Navrae 072 120 2952

Die Motorwas projek is 'n werkskeppingsgeleentheid vir werklose mense waartydens hulle 'n inkomste kan verdien.

Pryse: Vol was en suig: R40.00

Was en ry: R20.00

Tesame met die Motorwas word daar ook vermaak vir kinders aangebied. 'n Gaskunstenaar verskaf musiek om die geleentheid op te helder en 'n verskeidenheid interessante temas word elke maand aangebied.

'n Verskeidenheid leefstyl- en kosstalletjies dra by om 'n feestelike atmosfeer te skep. Items wat aangebied word is onder andere:

MyCrafts: Verskeidenheid handgemaakte kunsartikels en kunsjuwel-ierware.

MacMuffins: Verskeidenheid tuisgebak (koeke, beskuit, muffins, koek-sisters)

R&J Gifts: Interessante geskenk idees

Elrik Crafts: Drukwerk op onder andere bekers, hemde, ens asook "branding".

Johan se Kombuis: Wye verskeidenheid ingelegde produkte

Eetgoed: Worsbroodjies, Pannekoek, Jaffels, Koeldrank, Koffie/Tee, Gesondheidsbeskuit en koekies en ander tuisgebak

Verskeie stalletjies met handwerk artikels, DVDs, CDs, tweedehandse boeke, potplante en plaaseiers, klere en bybehore en Vlekvrye staal juweliersware

Kom ondersteun gerus hierdie inisiatief!!

NG Kerk

Kerkjaarkalender 2020



Advent

Jesaja 9:5
Vanaf 1 Desember 2019
Purper & Koningebro

Advent beteken letterlik kom. Ons leef oop uit in die wonder van diemewordung van Christus.



Efanie

Fil 2:5-11
1 Januarie 2020
Groen



Kersfees

Joh 3:16
25 Desember 2019
Wit & Goud



Paaffees - Stil Saterdag

11 April 2020
Wit, Goud, Wit

Op hierdie dag dink ons aan Christus in die graf en daarom is dit 'n dag van stilte afwagting. Die stilte is nie sonder passie nie, maar vol van geprame afwagting op die uitkoms van Christus se woningstaat met die dood.



Paaffees - Goeie Vrydag

Luk 24:5-7
10 April 2020
Diepsrooi en Swart



Paaffees - Sondag

12 April 2020
Wit, Goud, Wit

Van die vroegste tyd het gloog gespeak op hierdie Sondag met hierdie woorde gegroet:
"Die Heere het waarlik krygsstaan!"
Moenie hierdie woorde van die vandag net herhaal nie, maar lewe dit soos Jesus!



Hemelvaart

Hand 1:11b
21 Mei 2020

Hemelvaart herinner ons aan die vryheid van Jesus na Verlossingswerk op aarde. Hy voor op ons aan die regstuur van God die Vader te negeer en versker daaroor dat ons saam met Hom sal negeer.

Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig, deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Passie.

Ons dink terug aan die verheerliking van Jesus Christus op die Berg. Hier was die Godheid en Koningskap van Jesus Christus reeds sigbaar.

Hierdie verheerliking het Jesus Christus se Lydenstyd ingesluit.

Lydenstyd - Verheerlikingondag
Matt 17:1-8
23 Februarie - 5 April 2020



Paafers - Heilige Donderdagaand
9 April 2020

Die laaste eta (Avondmaal) van Jesus met sy disipel word herdenk, gewoonlik met die viering van die Nagmas. Ons prys die Here wat die lig vir die wêreld is. Ons dink aan Christus se bittere lyding. Ons noem dit vandag Lydenagmas.

Dit is 'n tyd waar die werk van al drie Persone en God gevier word: agterales aan God as Vader, as Stapper en Henkupper wa se verlossingsplan deur Christus in die Gese waar word.



Pinkster
Hand 1:8
21 - 30 Mei 2020
Rooi en Goud

Visuele konsep voorstelling van kerkjaarkalender deur NGK Durbanville-Bergsig © Bel 021-976 4106 (x107) met navrae.
Ontwerp: Design A Print
Kerkjaarkalender ook beskikbaar vir gebruik deur ander met nodige erkenning.



Tydens Aswoendag het ons beroou en doen skuldbydink. Dit is deel van ons herinnering aan God.

Lydenstyd - Aswoendag
Ps 103:1-4
26 Februarie 2020




Sagaria 9:9-10
5 April 2020

Op Palmsondag word Jesus Christus as intog in Jerusalem herdenk. Palmblaars en leuse wat uit Palmblaars gemaak is, speel tradisioneel 'n groot rol in die viering van hierdie dag.



Die tydperk na Pinkster - tot en met Advent - is as 'gewone' tyd / Koninkrykstyd bekend.

Koninkrykstyd
Fil 1:27
Junie - November 2020
Groen



Kersfeestyd 2019 / 2020

(Die Kersverhaal opgesom van Genesis tot net voor Openbaring)

GOD BY ONS

In die heel begin, toe God alles gemaak het, was alles idillies en mooi en het die mense elke dag in die koel aandwindjie ontspan en saam met God gaan wandel en met Hom gesels. Hulle kon die mooi blomme, vrugte, diere en bome saam met God bewonder. Toe het die bose, die duivel, uit jaloesie, die mooi verhouding tussen God en die mense versteur deur van God te skinder en agterdog teen God by die mense wakker te maak!

Later het die meeste mense gesê hulle het God nie nodig nie, maar een ou, Henog het nog steeds met God gewandel (Gen 5:24) en het 'n lang en wonderlike vriendskapsverhouding met God gehad.

Omtrent al die mense het maar hul eie ding gedoen, sonder om eens te dink aan God, en almal het Hom geïgnoreer!

AAN-EN-AF VERHOUDING MET GOD

Op 'n later stadium het God, die Here, 'n man met die naam Abram besoek en aan hom beloof dat God sy, en sy nageslag se God / hul beste vriend sou wees en hulle sou seën (Gen 12:2-3). Hy het selfs Abram se naam verander na Abraham om te wys dat Hy vir altyd vriende met hom wou wees.

Maar selfs baie van Abraham se nageslag het verkies om sonder God te lewe.

Nog later het God selfs vir een van Sy ander vriende, 'n man met die naam Moses, gevra om die mense wat wou probeer om weer vriende met God te word, tien reëls te gee om hulle te help om soos Sy ware vriende te leef. Hy het die mense ook geleer hoe om vir God jammer te sê deur om offerandes aan God te bring as hulle verskoning wou vra oor een van die reëls wat hulle gebreek het. Elke keeranneer Moses die Here ontmoet het, kon die mense dit sien, want sy gesig het sommer geskyn soos 'n lig! Maar ook die tien reëls en offerandes het misluk!

Die Here het vir 'n tyd lank in drome gepraat met die mense wat Sy vriende was. Een so 'n man was koning Salomo, die seun van koning Dawid. Toe die Here Salomo in 'n droom vra hoe Salomo wou hê dat Hy hom seën, en Salomo net vir besondere wysheid vra, het die Here dit vir hom gegee en toe ook nog baie groot rykdom. (Salomo se troetelnaam was Jeedidja, "Geliefde van die Here"). Maar later het selfs Salomo se mooi verhouding met die Here versuur! Die Here het baie vies geword vir Salomo. Toe het alles maar net afdraend geloop!

'n Ander koning, Agab, het gesê die afgod Baäl (eintlik die duivel) is die regte God en het ook boonop 450 Baälprofete aangestel om vir hom raad te gee! (1Kon 16:30). In Agab se tyd het baie van die mense net aangegaan en gelewe asof God nie bestaan nie, of meer probeer om vir Baäl en Asjera ('n seksafgod, soos pornografie) te plesier. Niemand het God meer raakgesien nie!

DIE GOEIE NUUS

Toe (in Jesaja 7) het God vir een van Sy profete, Jesaja, gesê om die goeie nuus (evangelie) aan te kondig dat Sy Seun eendag tussen die mense sou kom bly soos in die heel begin toe God in die aandwindjie saam met die mense gaan wandel het, om die

verhouding te herstel – Sy Seun sal Immanuel genoem word, dit beteken "God by ons". Later (in Jes 53:7) het God vir Jesaja gesê om aan te kondig dat God Sy Seun (Sy Dienaar / Messias) sou pynig en straf (offer soos God vir Moses geleer het) in die mense se plek. Die mense se groot swakheid was naamlik dat hulle altyd so sonder God, in kwaaiervriendskap met God lewe. Jesaja het selfs voorspel dat die Messias nie eens 'n woord sou sê of sy mond sou oopmaak om te kla terwyl die mense Hom slaan en doodmaak nie! Maar, die meeste mense het nog steeds aangegaan net soos altyd, sonder om die vriendskapsverhouding van heel in die begin, met God te hê.

IMMANUEL

Toe, 2019 jaar gelede, tydens koning Herodes die Grote se tyd, is daar 'n Seuntjie gebore en sy ouers het hom die naam Jesus gegee. Jesus beteken Verlosser of Messias, en Hy word toe Immanuel, God by ons!

Tydens Jesus se geboorte het duisende engele vir 'n klomp skaapwagters in die veld, nabij Bethlehem in Israel, gaan vertel dat Hy, die Messias, gebore is (Luk 2:13) en dat die doel van Sy geboorte en lewe sou wees om die mense weer te leer hoe om vrede en vriende met God te maak (Luk 2:14).

Toe Jesus omrent 30 jaar oud was het 'n professor in teologie (Nikodemus) een nag met Jesus gaan praat. Dis toe dat Jesus vir hom gesê het dat God die mense nog steeds so liefhet, dat God hom, Immanuel, (God se Seun), gestuur het om gekruisig/geoffer te word om vrede tussen God en die mense te bewerk (Joh 3:16 en 17).

In sy lewe het Jesus ook nog baie wonderlike dinge gedoen om te wys dat Hy God by die mense (Immanuel) is – Toe Johannes die Doper eendag vra of Jesus dan nou wél die Messias is of nie, het Jesus vir hom gesê om te kyk wat Hy wat Jesus is doen – Johannes kon sien hoe blindes weer sien, verlamdes weer loop, melaatses gesond word, dowses hoor en selfs dooies weer lewendig word! Toe Jesus gekruisig is het Hy, net soos Jesaja voorspel het, doodstil gebly terwyl die mense Hom slaan en kruisig.

Met Kersfees het ons weer herdenk hoe Jesus, Immanuel, gebore is. Ons onthou Hy het die mense so lief gehad dat hy baie moeite gedoen het en Homself opgeoffer het om ons God se kinders te maak. Hy lewe nou nie net tussen ons nie, maar in ons, deur die Heilige Gees. Dis hoekom ons kan sê dat Jesus in ons harte is!

Van toe af is die mense wat gekies het om Jesus te volg, se vriendskapverhouding met God weer herstel. God wandel saam met ons deur mooi tye en deur slechte tye, wanneer alles goed gaan en wanneer dit sleg gaan, en die kinders van God het blydschap en vrede in hul harte. Mense kan opreg sing "I love You Lord....", of "Ek het U hartlik lief O Heer... ."

Die Heilige Gees help ons vandag, om te lewe soos kinders van God: Ons wys ons liefde vir God deur ons liefde vir ander mense; Ons, die kinders van God is vriendelik, goedhartig, getrou aan ons woord; ons werk hard en eerlik, het geduld met ander mense, vergewe ander mense se foute, ons is nederig en lewe mooi en in vrede met ander mense. (Gal 5:22). Ons bid en stap elke dag saam met God, weer soos heel in die begin toe God elke dag saam met Adam en Eva gewandel het!

Dankie Here, ons God – Vader, Jesus en Heilige Gees, vir Kersfees! Sonder Jesus en U Geduld met ons sou ons nooit vriende met U kon word nie!

LIDMAATBEDIENING

NUWE LIDMATE ORİENTERING 28 JANUARIE 2020

Ons verwelkom graag die onderstaande nuwe lidmate in die gemeente wat die oriënteringsgeleentheid op 28 Januarie 2020 bygewoon het.



Achter van links na regs: Ds Leon Tait (Leraar), Alex Janse van Nieuwenhuizen, Yolandi Loock, Martha Jansen, Willem Loock, Michael en Elzette Goldschagg, Gys Pieterse

Voor van links na regs: Hantie van den Berg (Lidmaatbediening), Annatjie Bothma, Hans Jansen, Suzette O'Reily, Gloria de Beer, Ria de Lange


DIE BYBELSE VERSTAAN VAN KERK LIDMAATSKAP

Efesiers 2: 19 - 22 NLV

¹⁹ Julle is dus nie meer uitlanders of bywoners nie, maar medeburgers van hulle wat aan God behoort. Ja, julle is lede van God se huisgesin ²⁰ wat gebou is op die fundament wat die apostels en die profete gelê het. Christus Jesus is self die hoekklip ²¹ op wie die hele gebou, terwyl dit kunstig inmekaargepas word, verrys tot 'n tempel wat aan die Here toegewy is. ²² Deur julle verhouding met Hom word ook julle saam opgebou tot 'n gebou waarin God deur sy Gees woon.

'N GELEENTHEID OM TE DIEN

Galasiërs 5:13 spoor ons aan met die woorde "...dien mekaar in liefde". Die Lidmaatbediening is die bediening waar lidmate mekaar in liefde kan dien. Die Lidmaatbediening het ses fokus areas wat in die skets hieronder geïllustreer word:



As gevolg van die bediening se beperkte vermoë word hierdie fokusareas op 'n klein skaal bedryf. Daarom word jy uitgenooi om by die bediening in te skakel. In hierdie verband is die volgende geleenthede beskikbaar om diensbaar te wees:

- ◊ **Nuwe Lidmate Verwelkoming.** Hulp met administrasie, besoeke en verversings/diens tydens die verwelkomingstee.
- ◊ **Bedieningspunt.** Ons wil graag 'n span saamstel wat die bedieningspunt Sondagoggende kan bedien en dit ook verder uitbrei na aandienste.
- ◊ **Kommunikasie.** Lidmate wat insette/artikels vir die Rietfluit en webwerf kan saamstel, inligtingsbrosjures opdateer en die bediening kan bemark.
- ◊ **Versorging.** Lidmate wat kan help met besoeke aan siekes, getraumatiserde en kerklos lidmate. Ons soek nog vrywilligers om behulpsaam te wees met die instandhouding van eredienste (insameling van offergawes, bediening van Nagmaal, ens) asook dienswerskers in vakante wyke.
- ◊ **Nasorg.** Die bediening will graag so uitbrei dat die bediening nie slegs nuwe lidmate sal verwelkom nie, maar dit verder sal neem met opvolg besoek om te verneem hoe hulle inskakel by die gemeente/omgeegroepe.
- ◊ **Opleiding.** Vrywilligers met 'n passie om lidmate toe te rus vir hul amp as gelowiges deur die aanbieding van opleidingsgeleenthede by EE3, Gebedstoerusting, NetwerkCURSUS, Rentmeesterskap, Geestelike Groei en nog vele meer.

Indien jy by enige van die bovenoemde wil inskakel, kontak gerus die Bedieningsleier Gert Kok by 072 120 29252. Hy is ook Sondag-oggende beskikbaar by die Nuwe Lidmate Bedieningspunt.

VYF REDES HOEKOM EK NIE DIE KERK SE BYEENKOMSTE KAN VERSUIM NIE

(Hierdie artikel is in opvolg van die voorbladartikel in die November 2019 uitgawe "Dit is belangrik om aan 'n kerk te behoort en gereeld kerk toe te gaan")

'n Ou Latynse gesegde lees "*n Enkel Christen is geen Christen*". Heb 10:25 (NLV) vermaan ons as volg: "En laat ons tog nie – soos party gemeentelede die gewoonte het – versuim om die gemeentebyeenkomste by te woon nie. Kom ons moedig mekaar aan, nog meer omdat ons sien dat die dag van Christus se koms al hoe nader kom." Hieronder is vyf redes hoekom ons nie die kerk se byeenkomste kan versuim nie:

- ◆ **Die Krag van Ooreenkoms.** Die Here manifesteer Homself waar daar meer as een byeen is en oor 'n saak saamstem en daaroor bid (Matt 18:20). Geen saak in die Nuwe Testamentiese kerk is hanteer sonder twee of drie getuies nie (Matt 18:16; 2 Kor 13:1; Tim 5:19; Heb 10:28). Profesie is nie privaat vir mense gebring sonder dat twee of drie dit kan oordeel nie. Hierin is daar 'n reuse beskerming. Ons neem nie besluite alleen nie, ons hoor nie God se stem alleen nie; dit wat ons hoor moet resoneer in ander gelowiges se harte ook (Spr 11:14). Hy wat homself isoleer soek sy eie gewin (Spr 18:1).a
- ◆ **Die Krag van Verklaring.** Tydens die samekoms word verskeie verklarings in die Gees gemaak. Lofprysing gee veral gee uitdrukking aan die gesamentlike verklaring wat magte in die Gees ontwapen en neutraliseer (Ps 149: 6-9). Ons kan nooit die vyand alleen konfronteer nie. Die geveg voel altyd gefokus op die individu, want die vyand wil soos wilde honde en leeus, die swakste in die trop isoleer en orrompel.
- ◆ **Die Krag van Korporatiewe Salwing.** Die krag van die Here is korporatief, en die individu ontvang makliker sonder moeite, net deur sy of haar deelname, die krag en openbaring van die Here. God plaas 'n spesiale salwing op sekere mense, en deur onder hulle bediening te sit, ontvang jy en deel jy in die krag van daardie bediening ([Mat 10:41](#)). So baie mense kla dat hulle oorgewig is, maar hulle doen nikks om hulle dieët of oefen program aan te pas nie. So voel baie mense hulle is nie op die regte plek met die Here nie, maar hulle woon nie gereeld die samekoms van gelowiges by nie. Die samekoms van gelowiges waar die Gees van die Here beweeg, is 'n baie spesiale en kragtige plek waar jy uitgedaag, versterk, bemoedig, geleer en toegerus word. Dit is soos om na 'n gimnasium toe te gaan.
- ◆ **Die Krag van Teenwoordigheid.** Die teenwoordigheid van die Here manifesteer in die gemeentebyeenkomsts. Jy kan dit nie bloot net ontvang en daarvan deel wees deur elektroniese media nie. Alhoewel digitale media 'n wonderlike hulpbron is, kan dit nie teenwoordigheid vervang nie. Hoeveel keer moes ons nie al gehoor, "jy moes daar gewees het!" nie. Wanneer iemand die oomblik van God se teenwoordigheid oordra is dit

tweedehands. Jy kon dit eerstehands beleef het! Wanneer jy 'n diens op audio hoor, is net jou ore sintuiglik betrokke, as jy in die samekoms en diens was, kan jy met al vyf jou sintuie God beleef. Dit is ook belangrik vir die hele gesin om almal saam die byeenkoms by te woon. Daar is niks so sleg dat die Here jou as individu kragtig aanraak tydens 'n diens, en jy kan dit nie met jou maat deel nie. Dit is wat partykeer veroorsaak dat die een party verder en vinniger in die Here groei as die ander een, omdat hulle nie saam blootgestel word nie.

- ♦ *Die Krag van Instelling ("Tuning").* Ons almal het nodig om elke dag ingestel te word. Soos snaarinstrumente is dit baie maklik om uit te stel van Jesus se frekwensie. Gereelde samekoms en saamwees, is 'n outomatiese instel. Dit is baie bemoedigend vir jou eie geloof en groei om te hoor dat dit wat jy gehoor het dieselfde as mede-gelowiges is. Dit bevestig God se Woord in jou hart. Gelowiges wat nie gereeld byeenkom nie, is later soos 'n vals noot wat 'n wanklank in die gees maak. Hulle harte is opreg, en hulle is lief vir die Here, maar jy kan nie die Here dien en liefhê sonder om vir Sy mense lief te wees nie. Die hele 1 Johannes brief handel hieroor.

Laastens. Dit is demoraliserend as jy by 'n gemeentebyeenkoms is, en jou familie daar verwag, maar hulle het net nie gekom nie. Ons voel sterker saam! Dis lekker as almal saamtrek! 'n Weermag kan nie funksioneer sonder dat almal in posisie is nie. Die Nuwe Tetamentiese samekoms is nie 'n plek waar ek kom om te ontvang nie, maar eerder 'n plek om te kom gee. Wanneer mense soms in nood verkeer, is die gemeente gewoonlik baie meer toegeeflik teenoor mense wat gereeld en getrou gewig gedra het, as ander wat nie het nie. Dis nie 'n vereiste vir liefde en omgee nie, maar dit maak liefhê meer spontaan en maklik.

Gemeentelede is nog nooit verplig om aktiwiteite by te woon nie, want ons glo in vryheid en dat ons meelewings in die Here vrywillig moet wees, volgens elkeen se geloof. Sien egter die geestelike 'betekenisvolheid' van jou bydrae en daar wees! Dis vir jou eie beswi!!

(Die oorspronklike dokument op www.hrc.co.za "Vyf redes hoekom jy nie 'n erediens moet mis nie", is aangepas)


Happy Go Lucky Bouncing Fun !!Kindervermaak!!

Springkastele, glybane en vele meer te huur vir kinder-partytjies, enige tipe funksie, ens

Kontak Jaco Malan @ 064 461 7903



Happy Go Lucky Bouncing Fun



12 things to always remember.

1. The past can't be changed.
2. Opinions don't define your reality.
3. Everyone's journey is different.
4. Judgements are not about you.
5. Overthinking will lead to sadness.
6. Happiness is found within.
7. Your thoughts affect your mood.
8. Smiles and contagious.
9. Kindness is free.
10. It's okay to let go and move on.
11. What goes around, comes around.
12. Things always get better with time.

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuenis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100